**Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee (OP238)**

**Joh 14:13-24**

**16 November 2025**

Laasweek het ons na drie uitsprake gekyk wat die Here Jesus gemaak het tydens Sy gesprek met die dissipels op die vooraand van Sy kruisiging in die bovertrek. Die eerste uitspraak was dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is – daardeur het Hy die waarheid geleer dat iemand alleen deur Hom by die Vader en die ewige lewe kan uitkom. Die tweede uitspraak was dat Hy in die Vader en die Vader in Hom is. Hierdeur het Hy geleer hoe intiem die verhouding tussen Hom en die Vader is, en ook dat Hy die Een is deur wie die Vader en Sy werk geopenbaar word. Die derde uitspraak was dat wie in Hom glo, sal ook die werke doen wat Hy doen, en hy sal selfs nog groter dinge as dit doen, omdat die Here Jesus na die Vader gaan. Hierdie belofte is beperk tot gelowiges. Omdat die Here Jesus net doen wat die Vader doen, beteken dit gelowiges sal dan ook doen wat die Vader doen. Die groter dinge wat gelowiges sal doen, verwys na die feit dat hulle medewerkers van die Here Jesus sal wees wat die opdrag sal hê om aan die mensdom die beskikbaarheid van ewige lewe aan te bied op grond van die werk wat die Here Jesus oor die volgende paar dae sou verrig en waarna Hy na die Vader sou gaan.

Vandag kyk ons na die volgende deel van die gesprek. Ek wil die volgende drie punte bespreek: (1) Die Here Jesus se uitspraak: "Wat julle in My naam vra, sal Ek doen" (v13-14), (2) Die Here Jesus se uitspraak: "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee" (v15-17), en (3) Die gelowige se intieme verhouding met die Drie-Enige God (v18-24).

<u>Wat julle in My Naam vra, sal Ek doen (Joh 14:13-14)</u>

Lees Joh 14:13-14. Die belofte in hierdie twee verse is ondubbelsinnig duidelik: "En wat julle in my Naam vra, sal Ek doen", en "As julle My iets in My Naam vra, sal Ek dit doen". Die Here Jesus beloof twee keer: "Wat julle vra, as julle iets vra – Ek sal dit doen". Ons deins dikwels terug as ons dit hoor, want in ons gereformeerde gemoed gaan daar groot rooi ligte aan: Vra enigiets, en die Here Jesus beloof Hy sal dit doen! Ons dink direk aan die verdraaiings van ons tyd: Vra net, en jy word ryk. Vra net, en jy word gesond. Vra net, en jy kry 'n Mercedes. Ons weet tog uit ervaring dit is nie waar nie. En die gevolg is ons raak skepties om die Here Jesus op Sy woord te neem.

Nou, dit is belangrik om op te let dat die Here Jesus nie die saak heeltemal oopgooi nie. Hy kwalifiseer wat Hy sê op drie maniere:

- Die eerste kwalifikasie is dat die belofte net beperk is tot gelowiges. Die "julle" wat kan vra, is nie alle mense nie. Vers 13 volg op vers 12, en die belofte in vers 12 is baie duidelik beperk tot die wat glo – dus die gelowiges. Dit is hulle wat kan vra.
- Die tweede kwalifikasie is: Die Here Jesus se belofte is: "Wat julle <u>in My Naam</u> vra, sal Ek doen". Hy kwalifiseer die belofte deurdat Hy sê, ons moet <u>in Sy Naam</u> vra. Maar, kom ons wees eerlik, selfs hierdie kwalifikasie word dikwels skeef getrek: daar word dikwels wild en wakker dinge van God afgebid, en dan word daardie magiese woorde bygevoeg: "in Jesus se Naam", en daar word geglo dit maak die verskil – nou sal die Here Jesus die gebed verhoor. Byvoorbeeld: Iemand se bakkie word gesteel, en daar word gebid: "Here, bring die bakkie terug – in Jesus se Naam!" Is dit wat dit beteken? Nee! Onthou Joh 14:10-11: Die Here Jesus maak die stelling dat Hy in die Vader is, en die Vader in Hom. Boonop praat Hy net die woorde wat van die Vader kom, en Hy verduidelik dat die Vader juis deur Hom Sy werke doen. Daar is absolute harmonie tussen die agendas van die Here Jesus en die Vader. As ons

as gelowiges nou iets in die Here Jesus se Naam vra, sal dit moet beteken dat wat ons vra in lyn moet wees met wat die Here Jesus wil, en by implikasie moet dit ook in lyn wees met wat die Vader wil. Die Here Jesus doen immers slegs wat die Vader wil dat Hy moet doen. Ons kan die Here Jesus nooit by die punt bring om iets anders te doen as wat die Vader wil nie.

- Daar is 'n derde kwalifikasie in die Here Jesus se belofte in vers 13: "sodat die Vader deur die Seun verheerlik mag word". Die gelowige kan enigiets van die Here Jesus vra, en Hy beloof Hy sal dit doen – solank dit bydra daartoe dat die Vader verheerlik word wanneer die Seun daardie versoek toestaan. Onthou, dit staan in die konteks van die gelowiges gaan groter dinge as die Here Jesus doen. Onthou ook wat die groter dinge behels: Joh 5:20 sê dat die Vader aan die Seun nog groter dade gaan wys, naamlik die wonder van ewige lewe en oordeel! Die Vader word verheerlik daarin dat daar ewige lewe is vir die wat glo in die Here Jesus as die weg, die waarheid en die lewe, en daarin dat daar oordeel sal wees oor elkeen wat dit nie glo nie. Dis die groter dinge wat Hy aan die Seun wys, en wat die gelowiges nou aan mag deelneem om te laat realiseer. Wat ons ook al van die Here Jesus vra met die oog op die realisering van hierdie groter dinge – sal Hy doen, want dit is wat Hy wil doen, dit is ook wat Vader gedoen wil hê, en dit is ook juis die manier waarop die Vader verheerlik word. Ons kan dus vrymoedig vra, solank dit hiertoe bydra, en ons kan vas glo dat die Here Jesus dan sal doen wat ons vra. Hoe is dit dus moontlik dat gelowiges groter dinge as die Here Jesus gaan doen? Een manier waarop dit moontlik word, is deurdat ons van die Here Jesus moet vra wat ook al ons nodig het daarvoor, en Hy sal dit vir ons gee.

<u>Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee (Joh 14:15-17)</u>

Lees Joh 14:15-17. Ons moet die konteks onthou om sinvol te besin oor hierdie verse. Die Here Jesus het in die bovertrek al aan die dissipels verduidelik dat Hy binnekort weggaan, en dat hulle nie saam met Hom kan gaan nie (Joh 13:36). Wanneer Hy weggaan, gaan Hy juis om vir hulle plek voor te berei in die Vaderhuis (Joh 14:1). Maar Hy is ook die weg na die Vader en dus ook na die Vaderhuis, en siende dat hulle Hom ken – daarom ken hulle ook die weg na waar Hy heengaan (Joh 14:4-6). En boonop het Hy ook aan hulle geleer dat hulle die dinge gaan doen wat Hy gedoen het, en hulle gaan selfs nog groter dinge doen (Joh 14:12). Die punt is: Die Here Jesus gaan binnekort weg. Die dissipels bly agter, en hulle moet dan groter dinge doen as die Here Jesus. Natuurlik moes dit vir die dissipels ontstellend wees – en dit is teen hierdie agtergrond dat die Here Jesus hulle nou wil bemoedig.

Kom ons kyk na vers 15: "As julle My liefhet, sal julle My gebooie onderhou." Die eerste ding wat ons moet raaksien, is dat die "julle" steeds die gelowiges is. Wanneer ons die stelling lees, is ons eerste indruk dat hier 'n opdrag is aan die gelowiges om die Here Jesus se gebooie te onderhou – wat natuurlik in beginsel waar is – die Skrif is tog baie duidelik daaroor. Maar die werkwoordvorm van "onderhou" is nie 'n imperatief nie – dit is eerder 'n stelling – 'n stelling van hoe dit gaan wees. Die vers beskryf vir ons twee eienskappe van gelowiges: Gelowiges sal die Here Jesus liefhê, en hulle sal Sy gebooie onderhou – dit is eenvoudig 'n feit, dit is hoe gelowiges is. Hierdie vers is nie die enigste plek waar ons van hierdie feit lees nie. In 1 Joh 5:3 skryf dieselfde Johannes: "Want dit is die liefde vir God, dat ons Sy gebooie onderhou." Gelowiges het God lief en onderhou Sy gebooie.

In die bovertrek het die Here Jesus al gedemonstreer dat Hy hulle liefhet – Hy het hulle voete gewas (Joh 13:1 ev). Hy het ook Sy liefde vir hulle verklaar, en hulle ook opgeroep om mekaar lief te hê (Joh 13:34-35). Maar nou lê Hy klem daarop dat hulle Hom moet liefhê. En boonop moet hulle Sy gebooie onderhou. Hierdie gebooie is sekerlik al die gebooie en voorskrifte wat die Here al gegee het. Maar uit Joh 14:23 is dit duidelik dit sluit ook die dinge in wat die Here Jesus gesê het – dus Sy lering – ook

spesifiek dat die gelowiges die groter dinge moet gaan doen waarvan ons in vers 12 gelees het. Ek dink ons kan met reg aanneem dat dit die dissipels nog meer bekommerd gelaat het: Die Here Jesus gaan weg, hulle moet Hom liefhê, hulle moet Sy gebooie gehoorsaam, hulle moet die groter dinge gaan doen – en terselfdertyd ken hulle hulleself. Dink maar net aan die waarskuwing van die Here Jesus vroeër die aand aan Petrus – dat hy voor die volgende oggend die Here Jesus gaan verraai. Hoe gaan dit vir hulle moontlik wees om dit alles te vermag?

Lees Joh 14:16-17. Hier bemoedig die Here Jesus die dissipels – hier verduidelik Hy aan hulle hoe dit wel vir hulle moontlik gaan wees. Ja, daar gaan sekerlik nog worsteling wees om perfek gehoorsaam te wees – maar dit gaan nie 'n hopelose worsteling wees nie. Daar is hoop. Die Here Jesus onderneem dat Hy die Vader sal vra om vir hulle 'n ander Parakleet te stuur wat vir ewig by hulle sal wees. Hierdie Parakleet word beskryf as die Gees van die waarheid, en in vers 26 word spesifiek gesê dat die Parakleet die Heilige Gees is. Ons het dus hier die belofte van die Here Jesus dat die Heilige Gees gaan kom. Ons leer heelwat van die Heilige Gees in hierdie verse – soos wat ons sal vorder in ons bestudering van die bovertrekgesprek gaan ons nog meer oor die Heilige Gees leer, maar kom ons beperk ons fokus vir nou tot wat hierdie verse leer. Ek wil graag ses aspekte rakende die Heilige Gees uitlig:

1. Ons lees hier dat die Here Jesus sê dat Hy die Vader sal vra, en dan sal die Vader die Heilige Gees gee. Dit blyk dus dat die Vader die Een is wat die Heilige Gees sal stuur op aanvraag van die Here Jesus. Dit strook met wat vers 26 leer: Die Vader sal die Heilige Gees in die Naam van die Here Jesus stuur. Maar vergelyk dit nou met Joh 15:26. Hier lees ons dat die Here Jesus die Heilige Gees sal stuur – weliswaar van die Vader af. Kom ons lees ook nog Joh 16:7 – hier sê die Here Jesus duidelik dat Hy die Heilige Gees sal stuur. Dit laat ons wonder: Wie stuur die Heilige Gees? Is dit die Here Jesus self? Of is dit die Vader? Of is dit die Vader op aanvraag van die Here Jesus? As Don Carson hieroor skryf dan redeneer hy dat dit nie sinvol is om ons koppe hieroor te breek nie. Die feit dat al die verskillende opsies deur Johannes beskryf word, onderstreep net die ander feit wat Johannes al so dikwels gemaak het: die Seun is in die Vader, en die Vader is in die Seun, en die Seun doen wat die Vader wil. Hulle het een plan. En in terme van daardie plan gaan Hulle nou die Heilige Gees stuur as belangrike stap in die uitvoering van hierdie plan. Die Vader en die Seun werk saam – en as die Heilige Gees kom, word dit duidelik dat Hy ook in perfekte harmonie met die Vader en die Seun optree.
2. In vers 16 word die Heilige Gees "Parakleet" genoem – dit is hoe die 2020 DAV Hom beskryf. In die 2020 vertaling is daar 'n onderskrif wat sê dat "Parakleet" die Griekse woord is wat iemand beskryf wat bystand verleen. Dit sou ook vertaal kon word met Helper, Voorspraak, Pleitbesorger of Trooster. Die OAV vertaal dit dan ook juis met Trooster, die NAV met Voorspraak, die NIV met Counsellor, en die ESV met Helper. Al hierdie terme beskryf die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees ondersteun die gelowiges in hulle regsaak voor die Heilige God – daar is Hy hulle Voorspraak of hulle Pleitbesorger. Maar Hy doen ook meer as dit: Hy is ook hulle Helper en hulle Trooster. Dit is tog juis waaraan die dissipels behoefte gehad het: Hulle moet die Here Jesus liefhê, Sy gebooie onderhou en die groter dinge gaan doen – en dit terwyl hulle swak is. Maar die Heilige Gees sal hulle Helper en hulle Trooster wees, die Een wat hulle sal ondersteun in al hierdie verantwoordelikhede.
3. In vers 16 beloof die Here Jesus egter ook dat Hy vir hulle 'n <u>ander</u> Parakleet sal gee. Dit impliseer dat hulle alreeds 'n Parakleet het – en die Parakleet wat hulle alreeds het, is natuurlik die Here Jesus self. Lees 1 Joh 2:1. Hier word die Here Jesus in die 2020 DAV spesifiek Parakleet genoem, die OAV en NAV vertaal dit met Voorspraak. Dit blyk dat die klem in 1 Joh 2 juis op die Here Jesus se rol as Voorspraak val. Tydens Sy lewe hier op aarde

het Hy ook die rol as Voorspraak en Helper vervul: Dink maar aan die feit dat Hy vir Petrus gebid het dat sy geloof nie moet wankel nie (Luk 22:32), of dink aan hoe Hy Sy dissipels beskerm het teen die Fariseërs toe hulle beskuldig is van sabbatsontheiliging (Mark 2:23 ev), of dink aan hoe Hy besorgd was oor die blinde man wat Hy genees het en wat uit die sinagoge geban is (Joh 9:35). Tydens die Here Jesus se lewe op aarde het Hy hierdie rol as Parakleet vervul, maar nou is Hy op die punt om weg te gaan. En juis daarom is dit so bemoedigend vir die dissipels om te mag hoor dat Hy nou vir hulle 'n ander Parakleet sal stuur om by hulle te wees.

4. In vers 17 noem die Here Jesus die Heilige Gees die Gees van die waarheid. Dit herinner ons natuurlik direk aan wat ons laasweek oor die Here Jesus geleer het in vers 6: Die Here Jesus is die waarheid. En nou leer ons die Heilige Gees is die Gees van die waarheid. Ons het laasweek onderstreep dat die feit dat die Here Jesus die waarheid is, beteken dat Hy eg is – d.w.s. Sy optrede strook met Sy wese. Verder het ons spesifiek gelet daarop dat die Here Jesus die waarheid is in die sin dat Hy werklik die lewe is – veral ewige lewe. Wel, die Heilige Gees gaan nou juis kom om die dissipels in hierdie waarheid te help: Hy gaan hulle help om in die Here Jesus te glo, sodat hulle deel kan kry aan die ewige lewe, en Hy gaan hulle help om vir die Here Jesus lief te wees, en om Sy gebooie te onderhou.
5. Vers 17 leer ook dat die wêreld nie die Heilige Gees kan ontvang nie. Ons het al verskeie kere daarop gelet dat "wêreld" die sondegevalle mensdom, m.a.w. die ongelowiges, is. Die wêreld kan eenvoudig nie die Heilige Gees ontvang nie – hulle ken Hom nie en hulle kan Hom nie raaksien nie. Die Heilige Gees is dus 'n unieke gawe aan die gelowiges – ons sal later leer dat die Heilige Gees wel 'n rol het teenoor ongelowiges. Maar hierdie rol as Helper en Voorspraak en Trooster is uniek vir gelowiges. Carson verwys hierna en sê as die wêreld die Heilige Gees sou ken, sou hulle onmiddelik ophou om wêreld te wees.
6. Daarteenoor onderstreep verse 16-17 juis die nou band wat die Heilige Gees met gelowiges het. Ons lees gelowiges ken die Heilige Gees – ja, weliswaar het die dissipels daardie aand in die bovertrek nog min bewustelike kennis van Hom gehad, maar hulle sou Hom binnekort goed leer ken. Die Heilige Gees sal ook by die gelowiges wees – veral ook juis wanneer die Here Jesus weggaan. Maar die band is selfs meer intiem: die Heilige Gees gaan in die gelowiges wees. En boonop gaan die Heilige Gees vir ewig by hulle wees. Dit is 'n reuse bemoediging wat die Here Jesus aan die dissipels gegee het daardie aand in die bovertrek, en dit is ook steeds die bemoediging aan ons as gelowiges.

Kan ek dit probeer saamvat: Daar is dus drie unieke eienskappe van gelowiges – hulle het die Here Jesus lief, hulle onderhou die Here Jesus se gebooie, en hulle ken die Heilige Gees wat by hulle en in hulle is. Aldrie eienskappe loop hand aan hand: hulle liefde vir die Here Jesus gaan oor in gehoorsaamheid van Sy gebooie en dit word vir hulle moontlik om te doen deur die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat die liefde vir die Here Jesus in hulle wakker maak en aanblaas, en wat hulle ook aanspoor om Sy gebooie te onderhou. Trouens hulle wil nou die gebooie onderhou en hulle wil die groter dinge gaan doen, want hulle is lief vir die Here Jesus en hulle word aangespoor deur die Heilige Gees.

<u>Die gelowige se intieme verhouding met die Drie-Enige God (v18-24)</u>

Lees Joh 14:18-20. In vers 18 onderneem die Here Jesus dat Hy nie Sy dissipels as weeskinders sal agterlaat nie, nee, Hy kom weer na hulle toe. Die vraag is: Watter koms het die Here Jesus hier in gedagte gehad? Is dit Sy koms na Hy uit die dood opgewek is toe Hy daarna aan Sy dissipels verskyn het enkele dae na die bovertrekgesprek? Of het Hy Sy wederkoms aan die einde van die tyd bedoel?

Kom ons lees verder en kyk of ons kan uitwerk wat die Here Jesus bedoel het. In vers 19 sê die Here Jesus dit is maar net ‘n kort rukkie totdat Sy dissipels Hom sal sien – en hulle sal Hom sien omdat Hy leef. Wel, ons weet op Opstandingsondag, ‘n paar dae na die bovertrekgesprek, het die dissipels die Here Jesus gesien, en hulle het Hom juis gesien omdat Hy leef nadat Hy die dag na die bovertrekgesprek aan die kruis gesterf het. Kyk na vers 20: Op daardie dag sal hulle weet die Here Jesus is in die Vader en hulle in Hom en Hy in hulle. Watter dag is daardie dag? Dit moet tog die dag na die kort rukkie wees in vers 19, die dag wat die Here Jesus weer na hulle sal kom volgens vers 18. Op watter dag het die dissipels ‘n besondere besef ontwikkel dat Hy in die Vader is en hulle in Hom en Hy in hulle? Is dit eers met die wederkoms aan die einde van die tyd? Sekerlik tog nie. Dit moes tog begin het toe hulle Hom gesien het op Opstandingsondag na Hy uit die dood opgestaan het. Dit lyk dus vir my, en verskeie kommentatore stem saam, dat die “weer kom” in vers 18 verwys na die feit dat die Here Jesus na Sy opstanding na Sy dissipels gekom het.

Kom ons probeer nou die argument van die Here Jesus volg. Sopas het die Here Jesus hulle bemoedig deurdat Hy die Heilige Gees sal stuur om by hulle en in hulle te wees. Maar let nou op: So bemoedigend as wat dit is, antisipeer die Here Jesus steeds ‘n vraag van die dissipels: Ja, dit is goed dat hulle nie alleen sal wees nie, dit is goed dat die Heilige Gees as Parakleet by hulle en in hulle sal wees – maar wat van hulle verhouding met Hom, die Here Jesus? Gaan Hy nou maar net weggaan? Is dit die einde van hulle verhouding met Hom? Is hulle verhouding in die toekoms beperk tot die Heilige Gees – hoe wonderlik dit op sigself ookal mag wees? Hulle het oor die laaste drie jaar tog lief geword vir die Here Jesus – hulle wil tog ook ‘n voortgesette verhouding met Hom hê.

Wel, daarom sê die Here Jesus vir hulle, Hy gaan hulle nie as weeskinders agterlaat nie. Selfs al is dit so dat Hy die Heilige Gees gaan stuur, gaan Hy selfs nog voor dan, self terug kom na hulle toe – alreeds eerskomende Sondag. En dan gaan hulle Hom sien. In besonder gaan hulle sien dat Hy leef. Dit gaan ‘n groot gebeurtenis wees – want die volgende dag, Vrydag, sou hulle sien hoedat Hy sterf. Maar eerskomende Sondag, op die derde dag, gaan hulle sien dat Hy leef – selfs al het Hy gesterf. En hier is die volgende verstommende feit: Omdat Hy leef, gaan hulle ook leef! Immers, dit is juis deur Sy sterwe aan die kruis dat Hy die brood van die lewe geword het. Immers, dit is juis deur Sy sterwe en opstanding dat Hy die opstanding en die lewe is. Ja, hulle het die wondertekens gesien van die broodvermeerdering en van Lasarus wat uit die dood opgewek is, ja, hulle het die Here Jesus se lering daaroor gehoor – maar Opstandingsondag gaan al hierdie gebeure en lering nuwe betekenis kry – wanneer die Here Jesus weer na ‘n kort rukkie na Sy sterwe na hulle toe kom – lewend! Op daardie dag sal hulle soveel beter verstaan Hy is die weg en die waarheid en die lewe. Op daardie dag, op Opstandingsondag, sal hulle baie beter besef hoe heerlik die gevolge is van die Here Jesus se werk. Hulle sal dan begryp: Die Here Jesus is in die Vader, en hulle is in die Here Jesus, en Hy is in hulle. Voeg hierby wat ons alreeds in vers 11 gelees het: Die Here Jesus is in die Vader, en die Vader is in die Here Jesus. Voeg ook hierby wat ons in vers 17 gelees het: die Heilige Gees is ook in die gelowiges. Sien jy die prentjie? Die Vader is in die Seun, en die Seun is in die Vader. Verder is die Seun ook in die gelowiges, en die gelowiges in die Seun. Voeg hierby die Heilige Gees gaan van die Vader en die Seun uit. En boonop is die Heilige Gees nie net by die gelowiges nie, Hy is selfs in hulle. Sien jy die intieme verhouding wat die gelowiges met die Drie-Enige God het? Die Vader in die Seun, en die Seun in die gelowiges, en die Heilige Gees ook in die gelowiges.

Maar wat gaan gebeur as die Here Jesus na 40 dae opvaar hemel toe? Is dit dan die einde van die verhouding van die gelowiges met Hom? Nee, want dan sal hulle weet Hy leef en is by hulle – hulle sal Hom steeds in die geloof sien en weet Hy leef. En dit is dan wat die Heilige Gees hulle sal troos en ondersteun. En, onthou die Heilige Gees is ook Een met die Vader en die Seun.

Maar daar is selfs meer aan hierdie intieme verhouding wat die gelowige met die Drie-Enige God het. Lees vers 21 en vers 23. Onthou wat ons vroeër gesê het rakende daardie drie eienskappe van gelowiges: hulle het liefde vir die Seun, hulle onderhou Sy gebooie, en hulle het die Heilige Gees in hulle. Let nou op vers 21: Die Vader sal die gelowiges wat vir die Here Jesus lief is, ook liefhê. En boonop sal die Here Jesus ook hierdie gelowiges liefhê, en Homself aan hulle bekend maak. Vers 23 voeg by hierdie selfde gelowiges sal ter harte neem wat die Here Jesus sê – d.w.s. hulle sal die Here Jesus se gebooie onderhou, en dan sê vers23, "sal Ons na hom toe kom en hom woon". Wie is die "Ons" in vers 23? Natuurlik die Vader en die Seun, maar siende dat die Heilige Gees ook in die gelowiges is, kan ons aflei dit is al drie Persone in die Drie-Eenheid. Geliefdes, hoor jy al die liefdesbande? Ons weet die Vader het die Seun lief en die Seun het die Vader lief. Ons weet ook al dat die Seun die gelowiges liefhet, en ook dat gelowiges die Seun liefhet. Die Here Jesus het ook al geleer die gelowiges moet ook mekaar liefhê. Nou leer ons hier dat as die Seun iemand liefhet, sal die Vader hom ook liefhê. Sien jy die omvang van die liefde wat gelowiges ervaar? Liefde vir medegelowiges en liefde vir die Seun. Gelowiges beleef ook die liefde van die Vader en die Seun vir hulle. En ons weet ook dat dit juis die Heilige Gees is wat die gelowiges aanspoor om lief te hê.

Dit gaan nog verder: Die Vader maak Sy wil aan die Seun bekend, en omdat die Seun lief is vir die Vader, doen Hy wat die Vader wil. Netso maak die Seun op Sy beurt die wil van die Vader, wat ook Sy wil is, bekend aan die gelowige. En soos wat die Seun die wil van Sy Vader doen omdat Hy die Vader liefhet, so sal gelowiges ook die wil van die Seun doen, wat ook die wil van die Vader is, omdat hulle die Seun liefhet. En in dit alles word hulle gelei deur die Heilige Gees. Die gelowige het 'n intieme liefdesverhouding met die Drie-Enige God, en wil ook dieselfde doen as wat die Drie-Enige God doen.

Kan ek nog een opmerking maak: Ek het reeds uitgelig dat as vers 23 sê "Ons sal by hom kom woon", moet ons verstaan dat dit die Vader en die Seun is wat by die gelowige kom woon, en siende dat die Heilige Gees ook alreeds in die gelowige woon, kan ons aanneem dit is die Drie-Enige God wat by ons kom woon. Die vraag is: Wanneer realiseer dit? Dit is baie duidelik dat die Seun en die Heilige Gees nou alreeds in die gelowige is, maar dit is nie so duidelik of die Vader ook alreeds in die gelowige woon nie. Ons lees nêrens anders in die Bybel dat die Vader nou al in die gelowige woon nie. Ek dink dit is die veiligste om te aanvaar dat dit sal realiseer met die Here Jesus se wederkoms aan die einde van die tyd. Onthou Op 21:3 wat leer dat met die wederkoms sal die nuwe Jerusalem na die nuwe aarde onder die nuwe hemel neerdaal, en dan sal God se woonplek by die mense wees, en Hy sal by hulle woon.

<u>Afsluiting</u>

Ons het 'n groot taak om te verrig: Ons moet die groter dinge gaan doen waarvan ons laasweek geleer het. Boonop is die realiteit dat die Here Jesus in 'n sekere sin weg is – immers het Hy na Sy Vader gegaan, immers is Hy in die hemel, en die taak wat ons moet verrig is hier op die aarde. Maar in die bovertrek het die Here Jesus ons ryklik bemoedig:

- Hy het ons geleer wanneer ons werklik daarna streef om hierdie groter dinge te doen, dan kan ons van Hom vra net wat ons nodig het, en Hy sal dit vir ons gee.
- Hy het ons ook bemoedig deur aan te kondig dat Hy die Vader sal vra om die Heilige Gees as 'n ander Parakleet te stuur as ons Helper en Trooster en Voorspraak. Die Heilige Gees is nie net by ons nie, Hy is selfs in ons, en Hy bly vir ewig by ons.
- Boonop, al is die Here Jesus in die hemel en ons op die aarde, het ons 'n noue verbintenis met die Drie Enige God: die Vader is in die Seun, en die Seun in die Vader. Boonop is die

Seun in die gelowige, en die gelowige in die Seun. En boonop is die Heilige Gees ook in die gelowige. Ons is dus nie alleen nie.

- Dit gaan selfs verder: Die Vader het die Seun lief, en die Seun het die Vader lief. Voeg hierby dat die gelowige die Seun liefhet, en die Seun het ook die gelowige lief. Omdat die Seun die gelowige liefhet, het die Vader Hom ook lief. En die Heilige Gees versterk die gelowige in Sy liefde vir die Seun en die Vader. Ons is dus in ‘n gunstige omgewing om ons werk te doen.
- Maar dit gaan nog verder: Die Vader maak aan die Seun Sy wil bekend. Die Seun is gehoorsaam aan die Vader, en maak daarom die wil van die Vader aan ons bekend. Ons weet dus wat die Seun en die Vader van ons verwag. Ons weet ook dat wat Hulle van ons verwag, is ook juis wat Hulle wil bereik – ons werk aan dieselfde werk as die Seun en die Vader. En boonop het ons die Heilige Gees om ons te lei in die uitvoering van ons verantwoordelikheid.

Mag ons daarom getrou wees om met ywer die groter dinge te gaan doen.